

PREEK
28 JANUARIE 2018

TEKS: Jona 1-4

TEMA: Is God se wil in sement gegiet

Ons almal ken die gesegde: waar jou streep getrek is, is hy getrek. Daaraan kan jy niks doen nie. `n Ander siening lui: wat moet gebeur, sal gebeur. Met haar liedjie: **Que sera sera** beaam Dorris Day die soort danke wanneer vrae oor die toekoms gevra word soos: hoe gaan ek lyk – mooi/lelik. Sal ek ryk/arm wees? Watter loopbaan sal ek hê? Met wie gaan ek trou en wat lê vir ons voor? ens. Dit klink logies wanneer sy die antwoord gee: "the future is not ours to see.....wait and see"! Jakobus beaam dit (Jak 4:13-16). Grondliggend is daar egter `n soort Godsbeeld en `n gepaardgaande fatalistiese houding en lewensingesteldheid wanneer gelowige mense so dink/praat. Die (on)bewuste beeld wat die sulkes van God het, is dat Hy lank terug toe Hy geskep het die hek toekoms (wat, wanneer, waar en hoe) op sy groot "rekenaar" geprogrammeer het. Al wat Hy nou doen is om toe te kyk hoe alles uit sy ewige plan vloei. As mens is ons magtelose toeskouers wat maar gedwee moet saamdryf met die stroom van voorafbepaalde gebeure. Selfs al bied ons weerstand, baat dit niks, want wat sal wees, sal so wees.

Wie so dink en praat, het `n beeld van God en mens wat bots met hoe God Homself in die Bybel openbaar, en wat oor die mens en sy verantwoordelikheid gesê word. Wat wel vir tyd en ewigheid waar is van God en dit staan vas, is dat Hy as Skepper, Eienaar en Koning is van Sy hele skepping. Hy het die skepping (natuur, dier en mens) gemaak om Hom te eer, loof/prys en te dien. Dit is Sy onveranderlike wil. Dit is die sentrale boodskap van die Bybel. Enkele teksverse verwoord dit glashelder:

Eks. 20:2-5

"Ek is die Here jou God wat jou uit Egipte, uit die plek van slawerny, bevry het.

Jy mag naas My geen ander gode hê nie.

"Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak van wat in die hemel daarbo of op die aarde hieronder of in die water onder die aarde is nie.

Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want Ek, die Here jou God, eis onverdeelde trou aan My

Matt. 22:37-38

Jesus antwoord hom: "Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand.

Dit is die grootste en die eerste gebod.

Matt. 6: 9-10

"So moet julle bid: "Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel.

Juis daarom het God `n verlossingsplan ontwerp om die mens na die sondeval van die self te verlos sodat hy weer in pas met sy oorspronklike skeppingsdoel en God se onveranderlike wil

kan lewe. Die Ou Testament profete sowel as Jesus en die Nuwe Testament apostels lê klem op God se begeerte dat elke mens God se verlossingsplan moet aangryp.

Eseg. 33:11

“Sê vir hulle: So seker as Ek leef, sê die Here my God, Ek wil nie hê die sondaar moet deur sy sonde sterf nie, Ek wil hê hy moet van sy optrede afsien en lewe. Bekeer julle, bekeer julle van julle bose optrede! Waarom wil julle sterf, Israel?”

Joh 3: 16-17

“God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê.

God het nie sy Seun na die wêreld toe gestuur om die wêreld te veroordeel nie, maar sodat die wêreld deur Hom gered kan word.

2 Petr. 3:9

Die Here stel nie die vervulling van sy belofte uit nie, al dink party mense so. Nee, Hy is geduldig met julle, omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.

Verskeie Bybelverhale vertel die teendeel van 'n God wie se wil/plan in sement gegiet is. Met ander woorde dat sy planne onveranderbaar is (bv. Gen 18: 16-33, Jes. 38: 1-7, Jona 1-4; Luk. 15, ens). In die verhaal van Jona hoor ons dat God **“besorg”** is oor mense wat op die verkeerde pad en daarom oppad is na God se oordeel. God wil dat die sondaar na Hom sal terugkeer.

Jon 4:11

Maar Ek mag nie besorg wees oor die groot stad Nineve nie, 'n stad waarin daar meer as honderd en twintig duisend mense is wat nie weet wat reg of verkeerd is nie, en ook nog baie diere?”

God se oordeel oor sonde staan ook vas, want Hy het 'n dag bepaal waarop Hy regverdig oor die wêreld gaan oordeel. Daarom wil Hy dat mense dit weet en hul bekeer (Hand 17:30v). Daarom roep en stuur Hy Jona om die mense van Nineve te gaan waarsku (1: 1-2, 3:2, 4b). In die 40 dae grasie periode het die hele stad in sak en as hul sonde voor God bely en deur na God terug te keer die oordeel van God vrygespring. God het afgesien van Sy plan om die stad te vernietig:

Jon 3:10

Toe God sien wat hulle doen, en hoe hulle, hulle bekeer van hulle verkeerde dade, het Hy afgesien van die ramp wat Hy gesê het Hy oor hulle sal bring. Hy het nie die ramp gestuur nie.

Hieruit en op baie ander plekke in die Bybel sien ons dat God vry is om Sy voorgenome planne aan te pas na gelang van hoe mense op Sy uitnodiging om na Hom terug te keer, reageer. Wat vreemd is, is dat Jona, die profeet kies om teen God se opdrag in en daarom ook teen God wil in weier en later onder protes aanvanklik eers die Nineviete gaan waarsku. Hy vlug eers weg van die Here af (Jon 1:3,10). Maar vlug plaas Jona nie buite God se sig, Sy opsoekende liefde en Sy roeping nie, God red Jona van verdrinking sodat hy sy profetiese taak kan gaan uitvoer. Wanneer Jona dan tog gaan, gaan hy onder protes. Hy het nie God

se besorgdheid oor verlore mense en dat hulle hul moet bekeer gedeel nie. Daarom is hy kwaad wanneer dit wel gebeur.

Jon 4: 1-2

Hieroor was Jona baie ontevrede en hy het baie kwaad geword.

Hy het tot die Here gebid en gesê: "Ag, Here, ek het dit geweet toe ek nog in my land was. Daarom het ek reg in die begin na Tarsis toe gevlug..."

Jona se weiering ironies genoeg was nie as gevolg van 'n verkeerde Godsbeeld wat hy gehad het nie; nl. dat God onveranderlik in die planne wat Hy aankondig is nie. Inteendeel! Hoor hoe praat hy met die Here.

Joha 4:2

... Ek het geweet U is 'n genadige en barmhartige God, lankmoedig en vol liefde. U sien maklik af van die straf wat U aankondig het.

'n Duideliker meer Skrif getroue beeld kon 'n mens nie van God hê as wat Jona gehad het nie. Maar hy het dit misbruik. Dit, so bely hy was die rede waarom hy aanvanklik gevlug het. Diep in sy agterkop het hy geweet God sal hom weer genadig wees. Dit is seker een van die mees gevaarlike dinge wat 'n kind van God kan doen en dit is om met die genade van God te dobbel (2 Kor. 6:1). Jy bedroef die Heilige Gees (Efes 4:30). Vir Homself het hy op onverantwoordelike wyse geglo dat God se genade – agterdeur oop staan. Maar vir die Nineviete was dié toegang volgens hom dig gegrendel. Nie 'n verkeerde Godsbeeld nie, maar 'n hart sonder besorgdheid vir verlore mense was Jona se probleem. Sy hart was klip-hard, in sement gegiet, onveranderlik. Tussen sy kop (Godsbeeld) en sy hart (deernis/besorgdheid oor ander mense was daar 'n reuse kortsluiting. Solank hy vir homself die deur op God se liefde, genade en barmhartigheid kon oop sien, het ander wat buite staan hom min geskied. So ontken hy God as Koning oor Sy lewe wie se woord wat is. Hy volg die weg van die minste moeite – dit wat vir hom gerieflik is, sy wil.

God gee genadiglik nie op op mense van Nineve nie – ook nie op Jona nie. God se wil staan vas, maar in die uitvoering van Sy planne is Hy soepel en is Hy bereid om dit aan te pas waar mense die knie voor Hom buit Jona 3:9-10). Kniebuiging bring mense inpas met Sy onveranderlike wil.

Nineve het, maar ons hoor nie wat aan die einde met Jona gebeur het nie. Ons weet nie of Sy harde hart sag geword het nie. Hoekom nie? Die skrywer hou die antwoord agterweë omdat hy dit in die hande van sy gehoor laat. Nie om 'n oordeel oor Jona uit te spreek aldan nie, maar om hulself in die rol van Jona te ontdek. Om te ontdek hoe dikwels ons wegvlug van ons roeping/opdrag. Om te ontdek dat ons wat op grond van die Bybel so baie van God weet, steeds met onbekeerde harte sit. Soos die priester en Leviet, stap ons anderkant y die nood van ons naaste verby (Luk. 10: 31-32). En soos Jona vlug ons weg van die besorgde God af en gevolglik weg van verlore mense af. Iewers skuil daar 'n Jona diep binne ons elkeen. Hoe sal ek dit weet. Ek sal weet as ek my gesindheid en my optrede teenoor hulle wat afgedwaal en op verkeerde pad is eerlik ondersoek.